

SA gaan in moeras sink sonder Gordhan

Netwerk 24 Artikel - 28 Maart 2017

As Pravin Gordhan, minister van Finansies, in die pad gesteek word, moet Suid-Afrika hom staal vir 'n politieke en ekonomiese moeras, skryf Dawie Roodt.

Dit lyk of Pravin Gordhan, minister van finansies se dae getel is. Nadat Zuma hom "teruggeroep" het van 'n beplande oorsese reis word die moontlikheid van 'n kabinetskommeling amper 'n sekerheid.

Dit is nog nie 'n uitgemaakte saak dat Gordhan gepos gaan word nie. Daar loop selfs 'n storie dat die terugroep van Gordhan net 'n eksperiment was om te sien hoe die markte gaan reageer. Indien die reaksie "matig" is, so loop die storie, kan Gordhan maklik in die pad gesteek word.

Maar nou is daar 'n heftige reaksie. En selfs al is hierdie storie waar, is die vraag: Hoe kan pres. Jacob Zuma op dié manier met die land en sy toekoms speel?

As die storie nié waar is nie en Zuma is inderdaad van plan om Gordhan uit die kussings te lig, gaan ons 'n paar pynlike gevolge sien: Die rand sal verder verswak, rentekoerse sal styg, ekonomiese groei sal ingeboet word, werkloosheid en armoede sal selfs verder styg en oor die algemeen gaan dit slegter word om in Suid-Afrika te bly. Ek dink ook die land sal dadelik tot gemors-status afgegradeer word, wat die pynlike spiraal net verder sal vererger.

Die medium- en langertermyn vooruitsigte sal dan afhang van hoe lank Zuma of die res van sy patronaatweb nog uit die krip gaan aas. Die kans is goed dat verskillende reïnkarnasies van Zuma steeds die kitaar gaan slaan selfs nadat hy nie meer president is nie.

Dit beteken armoede, werkloosheid en sosiale onrus – of erger. En hoe verder die land in die moeras van politieke vergrype en onbevoegde leierskap verval, hoe moeiliker gaan dit raak om die wa weer regop te trek.

In dié stadium lyk hierdie scenario ongelukkig vir my na die waarskynlikste.

Wat staan die gewone ou te doen?

- Sorg dat 'n groot deel van jou portefeulje in die buiteland is.
- Sorg dat jy jou werk behou.
- Sluit by organisasies aan wat jou belange beskerm en raak polities aktief.
- Bly ingelig. Weet wat aangaan.

Hoe kry jy jou geld in die buiteland? Wat buitelandse beleggings aanbetref is daar baie en veilige moontlikhede. Sorg dat jy van betroubare en wettige instellings gebruik maak. Pasop vir onrealistiese beloftes en besef dat indien die onwaarskynlike gebeur en dinge eensklaps weer goed gaan in die land, die rand gaan verstewig. Dan kan jy in rand-terme verliese ly, maar net in die korttermyn.

Selfs met die beste scenario sal die rand met die verloop van tyd teen die meeste "groot" geldeenhede in waarde verswak. Dus is buitelandse beleggings 'n goeie plan ongeag wat Zuma aanvang.

As jy die regte buitelandse belegging maak, sal jy ook maklik toegang daartoe kan verkry.

En wat as Zuma uitgeknikker word? Dis nie onmoontlik nie! Maar ek is bevrees die kans is goed ander Zuma-klone sal sy vernietigende bewind voortsit. Zuma en sy kortnuite sal so ver gaan om hul web van patronaatskap te beskerm dat hulle eerder die pilare saam met hulle sal omtrek as om die mag vrywillig oor te gee.

Dawie Roodt is die Hoofekonoom van die Efficient Group.
Kontak gerus vir Dawie op **dawieroodt@efgroup.co.za**

Vrywaring: Alhoewel alle maatreëls getref is om die akkuraatheid van die brosjure-inhoud te verseker, aanvaar die Efficient Group Bpk. geen aanspreeklikheid vir enige weglatings of of foute hierin vervat nie. Die inhoud van hierdie dokument moet nie as finansiële advies beskou word nie. Efficient Group Bpk. behou die reg om die inhoud van hierdie dokument sonder vooraf kennisgewing te verander.